03

JAARGANG 23 | 28 FEBRUARIE 2025

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

ASWOENSDAG

NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Leon M Foot | Andries Gous | Enrico Casaleggio | Mariëtte Odendaal | Ethan Kleynhans | Henco van der Westhuizen
Lodewyk Sutton | Martin Schwella
Waldemar Stumpfe | Francois van Tonder
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF* | *VrydagNuus,*
Kaapkerk | *Bybelgenootskap SA* | *TOIBO*

## ASWOENSDAG

**Aswoensdag** is die eerste dag van Lydenstyd, 'n tydperk van 40 dae (dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het) van voorbereiding op Paasfees. Dit word ook "Asdag" genoem. Op Aswoensdag word as van verbrande palmtakke van die vorige jaar gewy en op die voorkop van gelowiges in die vorm van 'n kruis geteken. Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Op hierdie dag is die gebruik dat ons spesifiek nadink oor ons sterflikheid en ons sonde.

## DAGBOEK DÍT

### GERONTOLOGIE NETWERK

*Die gebruik van media in diens van die Evangelie gister en vandag*
**19 Maart 2025 | Dr Flip Loots**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn moontlik eers weer op **Vrydag 11 April**. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Wat is Aswoensdag?*

## ARTIKELS 05

05 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**DEGNOS** | *DEGNOS-dinge*

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Islam Getuienisaksies** | *Daar is geen "oorspronklike" Koran nie*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Studentebediening** | *Waypoint - 'n welkome tuiste vir álle studente*

08 | **ALGEMEEN**
**Teologiese Opleiding** | *Kougom 2025: 'n Tussenstasie tussen skool en studentwees*

09 | **BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Digitale Bediening Netwerk** | *Journal of Systematic Theology (JST)*

## BLÊR-REEKS 2 11

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *3. 'n Reuse Kompetisie*

## MEDIATEEK 14

**BOEK EN INVENTARIS**
**Mark Sayers** | *A Non-Anxious Presence. How a Changing and Complex World will Create a Remnant of Renewed Christian Leaders*

## UIT DIE FAKULTEIT 16

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lodewyk Sutton** | *Wat gaan aan by die Profete?*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Wêrelddag vir Wildlewe** | *Ons vier Wêrelddag vir Wildlewe op 3 Maart*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

20 | **Wêreldbiddag vir Vroue 2025:** *Ek het jou wonderbaarlik gemaak*

21 | Advertensies

22 | **Pinksterreeks 2025** | *Nagedink oor Nicea*

22 | **CLF** | *Meer as 250 Pamflette om van te kies*

## OPLEIDING 23

## KERKBODE BROKKIES 25
## PUBLIKASIES 26

## WAT'S NUUS? 27
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 28

**Francois van Tonder** | *Om in ander mense se skoene te loop*

## KONTAK ONS 29



# Wat is Aswoensdag?

***Foto:** Canva*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*

Woensdag 5 Maart 2025 is Aswoensdag, die begin van Lydenstyd. In hierdie tyd gedenk Christene die lyding en dood van ons verlosser Jesus Christus. Die oudste opgetekende rekord van hierdie gebruik gaan terug na 313 n.C.

Lydenstyd strek van Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Jesus se opstanding. Ons praat tradisioneel van die 40 dae van lydenstyd, dieselfde tyd as wat Jesus in die woestyn deurgebring het. As jy egter die dae sou gaan tel, sal jy sien dat dit meer as 40 dae is. Om dit te verklaar, moet ons in ag neem dat Sondae dae van viering en blydskap is en nie bygetel word by Lydenstyd nie. Gedurende Lydenstyd word ons voorberei om Paasfees te vier deur te fokus op Jesus se lyding en my aandeel daaraan – dis immers vir my sonde dat Hy gesterf het!

Aswoensdag – wanneer ons spesifiek fokus op ons eie sterflikheid – en Lydenstyd wat daarop volg, is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing vir beide gelowiges en gemeentes. Reeds in die Ou Testament kry ons die gebruik om as oor jou kop te strooi as teken van berou: Daniël doen dit in Daniël 9:3, en in Jona 3:6 lees ons dat die koning van Nineve op 'n ashoop gaan sit het as teken van berou.

Die gebruik in die kerk is om die palmtakke wat die vorige jaar tydens Palmsondag gebruik is, te bêre, dit te verbrand, en dan daardie as te gebruik om die teken van die kruis op die voorkop van gelowiges te maak. Met hierdie teken herdenk ons die plaasvervangende kruisdood van Jesus, maar ook die beloftes wat daarmee saamgaan ...

**Lees** meer »

Gerontologie Netwerk
bied **GRATIS** aan

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**


# Die gebruik van media in diens van die Evangelie

# GISTER EN VANDAG

## Dr Flip Loots

*Jarelange Godsdiensregiseur*
*by verskeie Radio- en TV-stasies*

© 2025 | NG Kerk Vrystaat



**19 MAART 2025**

**09:30 - 11:30**

**ENGO-Saal**

**Skakel aanlyn in**
tinyurl.com/59t7estw

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** voor **14 MAART**

# DEGNOS

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

Ons staan met ons voet in die stiebeuel vir ons terugvoer-besoek aan die Vrystaatse gemeentes wat om die draai lê.

**Besoek aan die Vrystaat**

Ek en Tracey het op Woensdag 26 Februarie vertrek vir 'n vinnige besoek aan die Vrystaat om ons ondersteunings-gemeentes daar te gaan vertel van die werk wat die Here besig is om te doen in die verre noordooste van Namibië.

Ons sal besoek bring aan die NG gemeentes Fichardtpark, Heuwelsig, Heuwelkruin en Aandbloem, en dan sommer nog 'n klomp informele gesprekke by bidure en so meer. As jy in die Bloemfontein-omgewing is, hoop ek ons loop mekaar iewers raak! Bid asseblief vir ons reis en dat ons ware getuienis sal wees vir ons Koning.

**!Kandu se skool kry 'n nuwe dak**

Attie en Willem, ons twee getroue medewerkers in die instandhoudingspan, maak goeie vordering op !Kandu waar die gebou wat deur 'n stormwind beskadig is, se mure herstel is en 'n nuwe dak en afdak opgerig is. Ons sê baie dankie aan ons donateurs, want sonder julle hulp sou ons nooit die materiaal kon aanskaf en in die lewensmiddele van die bouspan kon voorsien nie. Deur jou bydraes maak jy dit vir ons moontlik om in ons Koning Jesus se koninkryk te werk.

**Evangelisasie-opleiding vir DEGNOS-personeel**

Ons spring weg met 'n kort kursus in praktiese evangelisasie vir al die voltydse personeel van DEGNOS op Grootfontein. Hier het ons mense uit verskillende agtergronde, kulture, tale, geletterdheid, vermoëns en gawes, maar almal met een gemeenskaplike doel – om te plant en te ploeg in die tuin van ons Here.

**Lees meer** »

***Foto's** verskaf*



***Foto:** Op !Kandu maak mnr Johannes gebruik van die AGS-kerkie as tydelike klaskamer nadat die wind vroeg in Desember die skooltjie se dak afgewaai het tydens 'n swaar reënstorm.*



***Foto:** Die skool is amper weer bruikbaar. Rentmeesterskap vra dat ons alles na die beste van ons vermoë doen. Die skool se dak is nou aan staalpilare in die grond geanker. Terselfdertyd is daar sommer 'n afdak ook bygevoeg om skadu aan die kleintjies te verskaf wanneer hulle buite speel.*

# iSLAM

# Daar is geen "oorspronklike" Koran nie

In gesprekke met Moslems, veral wanneer hulle sou wou aandui dat die Bybel gekorrupteer is, sal hulle opmerk dat die oorspronklike Koran steeds bestaan – trouens, dat elke Moslem 'n kopie daarvan besit. Daarteenoor word vir Christene gevra of daar 'n kopie van die oorspronklike Bybel is en watter van die honderde verskillende vertalings van die Bybel dan die oorspronklike Bybel is.

Die Koran, Sura 15:9 lui: *"Ons het, sonder twyfel, die Boodskap gestuur; en ons sal dit beslis bewaar teen korrupsie."* Moslem-teoloë interpreteer hierdie teks as 'n goddelike belofte dat die teks van die Koran tot in die fynste besonderhede bewaar sal word. Gevolglik hoor mens voortdurend die aanspraak deur Moslems dat die Koran onveranderd is sedert dit aan Mohammed geopenbaar is.

Moslems maak dus aanspraak op die bestaan van 'n "oorspronklike" Koran, hoewel hulle bewus is van die feit dat een van die eerste kaliefs, Uthman (644-656), 'n "amptelike" kopie van die Koran deur 'n kommissie van drie laat saamstel het en al die ander kopieë laat verbrand het[1]. Hoewel dit 'n amptelike kopie was, was dit nooit 'n oorspronklike weergawe nie. Moslems sou dus hoogstens daarop kon aanspraak maak dat hulle Uthman se oorspronklike verwerking van die Koran het. En selfs hierdie aanspraak is hoogs aanvegbaar.

In die teologiese wêreld van Moslems beoefen hulle wel historiese kritiek, maar nie tekskritiek nie. Dit beteken dat hulle wel die teks van die Koran bestudeer teen die politieke, geskiedkundige en sosiale agtergrond waarbinne dit geskryf en saamgestel is. Om die teks en samestelling van die teks as sodanig te bevraagteken of kritiseer, word as afvalligheid beskou. Studies in hierdie veld is wel deur Westerse teoloë onderneem[2].

Die oudste beskikbare manuskripte van die Koran dateer volgens koolstof-14-toetse uit 'n tydperk van 750–850 nC. Daar is dus ten minste 'n gaping van 100 tot 200 jaar sedert die tyd van Uthman en hierdie manuskripte. Hierdie tekste is afkomstig van 14 000 fragmente van die Koran wat in die 1970's in die Groot Moskee van Sana'a gevind is[3].

**Lees** meer »

*[1] Oosthuizen, G.C. 1977. **Godsdienste van die Wêreld.** N.G. Boekhandel: Pretoria*

*[2] Swarts, M.L. 1981. **Studies on Islam.** New York: Oxford University Press*

*[3] Lester, T. Januarie 1999. **What is the Quran?** In: The Atlantic*

*[4] **Explore Islam** https://explore-islam.com/are-there-different-versions-of-quran/ soos besoek op 13 Februarie 2023*

---

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Die agtergrond van hierdie artikel is dat Moslems dikwels argumenteer dat die Bybel nie gesaghebbend kan wees nie, aangesien daar nie een "oorspronklike" Bybel is nie, terwyl die Koran vandag steeds in dieselfde oorspronklike vorm bestaan as in die tyd van Mohammad. Hierdie artikel ontmasker die bestaan van so 'n "oorspronklike" Koran as 'n mite.*

VENNOTE IN GETUIENIS
Studentebediening
*Mariëtte Odendaal*

# *Waypoint*

## 'n welkome tuiste vir álle studente

*"As bediening is **Waypoint** trots daarop dat ons binne die NG Kerk 'n ruimte kon skep waar studente van verskeie kulture en agtergronde saam 'n verenigde visie voor God kan nastreef. Ons het ook verseker dat daar vir elke student 'n tuiste is, en daarom is die 'node'-struktuur 'n goeie strategie vir Studentebediening in die Vrystaat."*

***Marlou Strydom***
***Bemarkings- en logistieke hoof***
***Waypoint Studentebediening***

Jy kom as eerstejaar op die kampus aan en sien net hier en daar 'n bekende gesig. Alles is vreemd. Jou kamermaat, die dosente, jou klasmaats, die hele kampus en omgewing. Dalk voel jy ook baie uit jou plek, want jy is nie vertroud met die oorheersende kultuurgroepe om jou nie. Jy was vir jare lank deel van 'n bekende gemeenskap waarin jy jou plek in jou gesin en breër gemeenskap geken het, maar nou is alles anders en vreemd. Skielik is jy weg uit jou vertroude omgewing en moet jy deel word van 'n verskeidenheid nuwe gemeenskappe.

Een daarvan is jou nuwe gemeenskap van gelowiges, maar hoe word jy deel daarvan?

Ons het met Marlou Strydom, bemarkings- en logistieke hoof van die Kopanong Studentebediening in Bloemfontein, hieroor gaan gesels. Marlou is ook verantwoordelik vir die bemarking en openbare betrekkinge van die Raad van Studentebediening (bekend as *Waypoint Ministries*).

**Marlou, jy is betrokke by Waypoint Studentebediening in Bloemfontein en is hoofsaaklik verantwoordelik dat studente so gou moontlik deel word van 'n geloofsgemeenskap. Hoe gaan julle te werk om dit reg te kry?**

**Lees** meer »

***Foto:*** *Kopanong Ministry (verskaf)*



# Kougom 2025

## ’n Tussenstasie tussen skool en studentwees

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

***Foto’s** verskaf*





Elke jaar ontvou daar ’n besonderse reis vir ’n groep jongmense wat op die drumpel van hul universiteitsloopbaan staan. Dit is nie net ’n oorgang nie, maar ’n *rite de passage* – ’n bewuste stap uit die bekendheid van skool na die groter, wyer landskap van studentwees. En op hierdie reis is daar ’n tussenstasie, ’n plek van rus en heroriëntering: Die Kougom-kamp. Van 30 Januarie tot 2 Februarie 2025 het Kopanong Studentebediening, ’n bediening van die NG Kerk Vrystaat in samewerking met die nuut-gevonde Raad vir Studentebediening, weer hierdie bewese kompas aan eerstejaars gebied. Dit was ’n naweek van geloof, spanbou en pure opwinding; ’n kans om nie net nuwe vriende te maak nie, maar om ook die dieptes van geloof te verken en ’n hernude sin vir akademiese doelgerigtheid te ontdek.

### ’n Warm verwelkoming en spanbou

Donderdag se oggendson het sy goue strale oor ’n opgewonde groep eerstejaars gegooi, hul tasse vol verwagting en hul harte ’n mengsel van opgewondenheid en onsekerheid. Registrasie was die eerste tree, waar groepleiers met wyd glimlaggende verwelkomings hul nuwe spanlede ontvang het. Die ys is vinnig gebreek deur ’n eerste aktiwiteit wat oorloop van lag en spontane energie - ’n speelse afskud van die laaste oorblyfsels van skoolsenuwees.

Teen die middag het ’n diep gesprek oor geloof en studentwees begin ontvou, ’n eerste tree op ’n pad waarop elke deelnemer sou ontdek hoe dié twee wêrelde op mekaar inspeel. Die aand het geëindig in ’n see van stemme wat saam lofprysing sing, gevolg deur ’n gesellige ete en ’n laaste groepsaktiwiteit wat die dag op ’n hoë noot afgesluit het.

**Lees** meer »

# Journal of Systematic Theology

JOURNAL OF **SYSTEMATIC THEOLOGY**



VOLUME THREE | ISSUE FIVE

***On Theology and Video Games***
*July 1, 2024*
*BY* ***FRANK G. BOSMAN***

*LATEST* ***ARTICLES***

*JST* ***VIDEOS***


***The Journal of Systematic Theology (JST)*** *publishes academic articles within the field of Systematic Theology, and the intersections of Theology and Philosophy, Hermeneutics, Literature, and the Arts.*

# Seminarium

## BENODIG

NG Kerk
Vrystaat

Kopieë wat nie meer gebruik word nie




deel van kerklike vorming

Himnologie aanbiedings

**Kopieë wat nie meer gebruik word nie** van die publikasie **"Sing nuwe sange, nuutgebore – Liturgie en Lied"**, wat 'n verwerking van die doktorale proefskrif van wyle **dr WM Lourens Strydom** is.

Die boek word met groot vrug gebruik in die **Himnologie aanbiedings** as deel van die **Kerklike vorming** van die teologiese studente.

**Kontak dr Johan Nel by seminarium@ngkvs.co.za**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA

## 'n Reuse kompetisie

Dit is ’n nuwe dag in Blêrfontein, en die strate gons behoorlik. Die tyd het aangebreek vir die grootste skaatsplanktoernooi in die land: **Die Reuse Skaatsplank-toernooi**. Dit is die eerste keer dat dit in Blêrfontein aangebied word. Die strate wemel van nuwe diere - meestal toeriste en joernaliste - wat die naweek vir die kompetisie besoek.

Tjoppie is natuurlik Blêrfontein se beste skaatsplankryer. Hy oefen baie en ry daardie skaatsplank amper asof dit deel van sy lyf is. Hy ís goed!

Leon stap in die straat af. Hy voel goed – hy het vanoggend sy Bybel gelees en gebid, soos wat tannie Êna hom aanbeveel het.

Terwyl hy aangestap kom, sien hy iets wat hy nie elke dag sien nie: daar het ’n groot klomp diere saamgedrom. Dit is ’n groot geraas en geskree. Hy sien toe een van die grootste skape wat hy al ooit gesien het – ’n reuse Marino-skaap! Dit is Lambert le Roux. Hy is die beste skaatsplankryer in die land, en teenoor hom staan Leon se beste vriend, Tjoppie! Die twee is beslis nie vriendelik met mekaar nie. Leon stap nader om te hoor wat hulle sê.

"Ek sal jou vermorsel, ou klein Tjoppie!" roep Lambert arrogant uit. "Daar is niemand beter as ek nie! Wie sal nou glo dat ’n ou skapie van hierdie klein dorpie enigsins Die Reuse Skaatsplank-toernooi kan wen? In jou drome! Gaan tel solank die skapies!"

Tjoppie staan vas. Hy frons behoorlik vir Lambert, maar terselfdertyd begin sy pote bewe. Tjoppie wys dit dalk nie op die oomblik nie, maar die groot skaap se woorde werk op sy senuwees!




Die Verlore Skapie »

The Lost Little Lamb »

Leon sien hoe Tjoppie nie 'n woord kan uitkry nie.

"Hahaha, hierdie klein skapie het geen wol nie ... Hahaha," lag Lambert kliphard en stap weg met die skare wat hom volg. "Sien jou by die kompetisie, klein blêr!" kry hy nog 'n laaste steekwoord in.

Nadat hulle weg is, bly net Leon en Tjoppie agter. Tjoppie het nog nie besef Leon is daar nie. Hy staan net en staar na die grond – hy lyk bekommerd.




DIE VERLORE SKAPIE

**Lees** meer »

**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF Publishers Uitgewers


# R195 per boek

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA






## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb


# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP


NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# A NON-ANXIOUS PRESENCE

## HOW A CHANGING AND COMPLEX WORLD WILL CREATE A REMNANT OF RENEWED CHRISTIAN LEADERS

In "***A Non-Anxious Presence***" dink Mark Sayers na hoe Christenleiers kan floreer te midde van 'n vinnig veranderende en komplekse wêreld wat toenemend deur angs gekenmerk word. Hy stel voor dat krisisse dikwels as katalisators vir geestelike her-nuwing kan dien en dat leiers hierdie tye van onsekerheid kan benut om die kerk se ontwaking en kulturele transformasie te bevorder. Sayers gebruik die term "grys gebied" om die huidige oorgangstydperk tussen twee eras te beskryf, waarin ou strukture verval en nuwes nog nie volledig gevorm is nie. Hierdie tussentydse fase skep onsekerheid en angs, maar bied ook geleenthede vir leiers om 'n nie-angstige teenwoordigheid te handhaaf en hoop te bied.



**Mark Sayers**

*ENGLISH / PAPERBACK / PUBLISHED MAY 3, 2022*

Deur die geskiedenis heen het krisisse dikwels geestelike herlewing voorafgegaan. Sayers argumenteer dat leiers wat kies om nie van die "wildernis" van onsekerheid weg te hardloop nie, maar eerder God se teenwoordigheid daarin soek, getransformeer word om met geestelike gesag te begelei. Die boek bied strategiese benaderings vir kerke en leiers om hierdie tye van verandering te navigeer, insluitend die kweek van 'n nie-angstige teenwoordigheid en die benutting van krisisse as geleenthede vir hernuwing en groei. "***A Non-Anxious Presence***" is 'n waardevolle gids vir Christenleiers wat poog om effektief te lei in 'n wêreld wat gekenmerk word deur voortdurende verandering en kompleksiteit.

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Ds Waldemar Stumpfe*

# 4 - 6 APRIL 2025

# #IMAGINE

LOOK HERE

CLICK ME




INFO FOLDERS

AFRIKAANS

ENGLISH

## CHECK OUT THESE FOLDERS FOR UPDATES

on information & marketing material

INFO ENQUIRIES

info@imaginemovement.co.za

imaginemovement.co.za

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Wat gaan aan by die Profete?

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Prof Lodewyk Sutton**, *Departementshoof*
*Departement Ou en Nuwe Testament Studies, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

In die laaste paar jaar het daar 'n groot aantal nuwe publikasies die lig gesien rakende die nuutste navorsing oor die profetiese literatuur in die Ou Testament. Om net 'n paar nuttige publikasies te noem: daar is dié van James D. Nogalski (*Introduction to the Hebrew Prophets*), David G. Firth (*Including the stranger. Foreigners in the former Prophets*) en M. Daniel Carroll R (*The lion roars. Recovering the prophetic voice for today*).

Tans is daar baie navorsing wat fokus op die twaalf Klein Profete as 'n versameling, veral oor die verhouding tussen hierdie boeke en hulle plasing in verhouding tot die boek voor of ná.

Publikasies soos dié van David G. Firth en Brittany N. Melton se *Reading the Book of the Twelve Minor Prophets* is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die onlangse publikasie van Craig G. Barthlomew en Heath A. Thomas, *The Minor Prophets. A Theological Introduction*, is 'n wonderlike inleiding tot die twaalf Klein Profete vir elke student en leraar wat die nuutste navorsing en tendense in the vakgebied wil bestudeer.

Die boek bestaan uit 22 hoofstukke en bied 'n inleiding tot profetiese literatuur, 'n inleiding oor elkeen van die twaalf, asook 'n eksegetiese hoofstuk van elkeen van die twaalf.

Die boek het dus 'n deel wat sterk op toepassing fokus, waarna elke inleiding tot een van die twaalf 'n hoofstuk volg met 'n praktiese eksegetiese toepassing van 'n geselekteerde deel uit daardie boek. Die boek lees gemaklik en is 'n moet vir die wat meer wil lees omtrent die twaalf Klein Profete.

**Lees** hier »



***Foto:*** *Canva AI*




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## MAART

**3** – Ds Richi Kemp
BETHLEHEM-EUREKA

**4** – Mev Miriam Sebolai
MOOIGENOEG KAMPTERREIN

**5** – Ds Willie Griesel
HERTZOGVILLE

**8** – Ds Deseré de Beer
HOOPSTAD

**9** – Ds Ettienne Engelbrecht
HEUWELSIG

**11** – Ds Lood Oliver
WELKOM-NOORD

**12** – Dr Danie Kleynhans
LADYBRAND



# Wêrelddag vir Wildlewe

ALGEMEEN
*Mariëtte Odendaal*

## Ons vier Wêrelddag vir Wildlewe

As mense van Afrika is ons baie bevoorregd om van kleins af al wilde diere in hul natuurlike habitat te sien. Ons is geseënd met wêreldberoemde nasionale parke, soos die **Kruger Nasionale Park**, die **Kgalagadi Oorgrenspark** en vele meer.


Die meeste van ons het ook al die groot vyf gesien, naamlik leeus, renosters, buffels, luiperds en olifante – iets wat al lank gelede in Europa, Brittanje en ander dele van kontinente uitgewis is. Buiten hierdie groot voorreg waarvan Europeërs net kan droom, is ons ook geseënd met 'n groot verskeidenheid plantegroei – van **woestyne** tot **woude** tot die unieke **fynbosgebied** in die Wes- en Oos-Kaap. "See the world in one country" is inderdaad 'n uiters gepaste slagspreuk vir ons Suid-Afrikaanse toerisme.

Op Maandag 3 Maart word daar wêreldwyd die Wêrelddag vir Wildlewe gevier. Op hierdie dag gee ons erkenning aan die unieke rolle en bydraes wat ons wilde diere en plante ten bate van die welsyn van die mensdom en alle ander vorme van lewe op ons kosbare planeet lewer.

**Lees** meer »


Belangrike nuus
van Bybel-Media
Hier is wat jy behoort te weet
www.bybelmedia.org.za
BM
Bybel-Media


Jeugfokus
Rus jou gemeente toe met betekenisvolle kategesemateriaal en sien werklik hoe die jeug ontwaak deur die vlam van geloof.
Blaai deur ons 2025-katalogus
www.bybelmedia.org.za
BM
Bybel-Media


μακάριος
WOONSTEL
MAKARIOS
EENSLAAPKAMER SELFSORGWOONSTEL
op woonerf te huur aan NG-lidmate wat in Bloemfontein moet oornag weens gehospitaliseerde familielede
1 SLAAPKAMER
SELFSORG
WOONSTEL
GRATIS WIFI
VEILIGE AREA
R400
PER NAG
082 783 0730
NAVRAE | DS JORS REYNDERS
R300
PER NAG
langer as 2 dae


Bloemfontein Bybelhuis
Ouditorium
Bespreek die ouditorium by die Bybelhuis in Bloemfontein vir jou volgende funksie. Ideaal vir boekbekendstellings, formele aanbiedings en vergaderings.
Ander voordele sluit in:
• Veilige parkering vir 40 voertuie
• Sitplek vir 100 gaste
• Oudiovisuele toerusting beskikbaar
• Kombuisgeriewe
Vir besprekings kontak:
Elrika Senekal-Van der Berg
e: elrika@biblesociety.co.za
t: 051 444 5980
Nelson Mandelarylaan 220,
Bloemfontein
bybelgenootskap
van suid-afrika




# "I Made You Wonderful" PSALM 139:14

### Uit die kantoor van die Wêreldbiddag in SA

Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree. In Suid-Afrika word die program in nege van die amptelike tale vertaal.

Die Wêreldbiddag word vanjaar op **7 Maart 2025** gehou. Ons vier vanjaar die 95ste jaar in Suid-Afrika. Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. Dit bly 'n besondere voorreg om jaarliks deel van die Gebedsketting rondom die aarde te wees. Vanaf die son in Nieu Zeeland opkom totdat dit in Samoa sak.


Die kollektes wat ingesamel word, word na die kantoor gestuur en dit stel die Wêreldbiddag in staat om jaarliks donasies aan die Bybelgenootskap sowel as instellings, wat vroue en kinders ondersteun, te maak.

RIGLYNE


BESTELVORM

LEES MEER




NGKA BOTSHABELO
KAN JY DALK HELP?
Ds Lenkoane van die NGKA Botshabelo is op soe
na 'n toga, nuut of reeds gebruik. Syne is beskadi
072 435 8959 →
Indien jy kan help, kontak
DR ANDRIES HOFFMAN


Transoranje Instituut
Buitengewone Onderwys
Deel ons lief


PRYSE
VERANDER
Neem asb. kennis dat daar
prysveranderinge en
verhogings op 1 Maart 202
sal plaasvind.


Het jou besigheid 'n
Artikel 18 A
sertifikaat nodig vir
belastingdoeleindes ?
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng


HET JY
GEWEET?
Engo het 10
Gesinsorgkantore
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
WWW.ENGO.CO.ZA
060 548


en Jeugsorg Sentrum
Engo
Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg
GOLF
DAG
Better ball, scramble dryf
Koste
R350
PRYSUITDELING EN
ETE INGESLUIT
Boerewors rolle te koop vir
fondsinsameling
VILJOENSKROON
GOLFKLUB
11:00 Shot Gun afslaan
Addisionele etekaartjies
R100 pp


RUN FOR
hood development
m Run - Trail Run
arch 2025
co Equestrian Farm
Lichtenburg Rd, Paarl
nces: Kiddies 3km &
5km, 10km, 15km
TRAIL RU
KIDDIES 3KM
5KM 10KM 15KM
RHYTHM
MISTICO EQUESTRIAN
29 MARCH 202


NEKORT
IE RAK BY
PUBLISHERS
UITGEWERS
UARIE 2025
— want jy kan die
en die
nie
CLIFFOR


Buy a
Hosanna Tonic Solfa
(any language)
for R195.50* and get a
Hosanna words in
the same language
for free!
HOSANNA
*Nett price, VAT included
1 February - 17 April 2025
While stocks last
SPECIAL
OFFERS
WORD &
worship
was R550
NOW
ONLY
R440*
20% OFF
*Offer valid while stocks last
Nett price. VAT incl. Postage excl.
Available at all CLF Bookshops -
https://shop.clf.co.za/contact-us/



PINKSTERREEKS 2025

# NAGEDINK OOR NICEA

*CHRIS WYERS*

## 1700 JAAR SEDERT NICEA-BELYDENIS

LAAI **PINKSTERREEKS** AF

Dis 1700 jaar sedert die opstel van die Geloofsbelydenis van Nicea, wat die wettiging van Christenskap in die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn verteenwoordig.

Chris Wyers het 'n spesiale Pinksterreeks vir CLF saamgestel. Daar word gekyk na verskillende aspekte van die belydenis en gevra wat dit vir ons as gelowiges vandag beteken.


Vanaf Pinkstersondag, 1 Junie, is daar daagliks 'n toepaslike Skrifgedeelte, liturgiese voorstelle, vrae oor die teks om oor na te dink en in kleingroepe te deel, sake om oor te bid en aktiwiteite om te doen.

*(Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk)*


# Meer as 250 **E-pamflette**



# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## ANDREW MURRAY SE GEBEDE IN KLANK

5 Maart 2025

VBO-punte

12:30
Oude Leeskamer
Stellenbosch

Lees meer +
**Registreer** +




## CHATGPT EN AI IN DIE BEDIENING

11 Maart 2025

10 VBO-punte

R350 p/p
Aanlyn Webinaar
Dr Pieter Visser

Lees meer +
**Registreer** +




## UITDAGINGS: DIE GROOTMAAK VAN DOGTERS

15 April 2025

5 VBO-punte

R275 p/p
Aanlyn Zoom
Prof W Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

22 Mei 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +

INNOVERENDE ·SIELSORG·

# Bybelse fondasies van Pastorale sorg

Ontwikkeling van 'n Christus-gesentreerde model vanuit **1 Tessalonisense** wat gemeentes plant, ontwikkel en versorg.

**AANBIEDING DEUR DR JACO PUTTER**



VBO TAAKSPAN

## SESSIES

**PASTORALE BERADING**
Sosiale wetenskap se invloed op pastorale berading en hantering van die Skrif.

**SKRIF-GEBRUIK**
Hantering van die Skrif in pastorale berading en die praktiese toepassing daarvan.

**PASTORALE MODEL**
Die pastorale model wat Paulus gebruik het met die skryf van 1 Tessalonisense.

**AGENT VAN VERANDERING**
Ons volg in Paulus se voetspore en leer hoe die leraar verandering kan fasiliteer.



## 16 - 17 Maart 2025

NG Gemeente **Bethlehem-Noord**

- R200 p/p
- Sluit alle etes in
- Reël eie verblyf
- 10 VBO-punte

**RSVP** 083 751 9381

**9 Maart** 2025 | Ds Erich Cornelissen

Ring van Bethlehem | ABSA | Tjekrek 0770 480 183 | Verwysing **Naam, Van, Kursus**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode**
BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



### ASM-VERGADERING

'Dis tyd om soos rentmeesters te dink,' hoor kerkleiers oor geldsake wat ASM bemoedig

*26 Februarie 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Gewild, Nuus*




### PODSENDING

Polarisasie, Trump en openbare getuienis

*21 Februarie 2025*
*Kerkbode*
*Gewild, luister*




### KERKBODE-BELEEFNAWEEK

14 - 16 Maart 2025

Kom ervaar die Karoo en luister na boervrou Elsje Basson se klipstapel-storie

*18 Februarie 2025*
*Kerkbode*
*Artikels, Gewild*




### OPNAME ONDER PREDIKANTE

Watter hulpmiddels het jy die meeste nodig om jou gemeente te help?

*18 Februarie 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*



### JAN LUBBE

Uit my Kerkdagboek: 'n Seun genaamd Vrolik, 'n Kind genaamd Vrede

*18 Februarie 2025*
*Jan Lubbe*
*Gewild, Rubrieke*



### PASTORALE BRIEF

'Ons skryf uit 'n diepe besorgdheid aan julle, met 'n hartsgebed dat God Hom oor ons almal sal ontferm' – ASM Dagbestuur aan gemeentes van NGK


*14 Februarie 2025*
*Kerkbode*
*Gewild, Verklarings*

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS


## Van Ashoop tot Hoop




**R249**

Ronell Bezuidenhout se *Van Ashoop tot Hoop* is nie bloot 'n boek vir die Lydenstyd nie; dit is 'n uitnodiging vir enigiemand, enige tyd, om saam op hierdie betekenisvolle reis van *Ashoop tot Hoop* te gaan. Die boek dien as 'n wyse gids vir elkeen wat op soektog is na innerlike bevinding en vernuwing. In 'n wêreld waar elkeen sy eie unieke reis loop, bied Bezuidenhout 'n universele en deurdagte boodskap van hoop. *Van Ashoop tot Hoop* moedig selfondersoek, innerlike groei en die aanleer van opbouende geloofsgewoontes aan. Die leser word uitgenooi na hierdie reis na binne met die oog op die reis na buite.


## Bakengemeentes




**R295**

*Bakengemeentes: Nagedink oor Roeping en Getrouheid* is gebaseer op oorspronklike navorsing binne die NG Kerk en bied insig in hoe gemeentes aanpas by veranderende omstandighede. Die werk sluit kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese data in, versamel deur die NG Kerk se Algemene Taakspan Navorsing, en staan in gesprek met die 2030-droomscenario wat na afloop van die Algemene Sinode van 2019 geformuleer is. Met verhale van 26 gemeentes, sowel as insigte uit die Kerkspieël- en Predikante-paneel-vraelyste, bied hierdie boek 'n ryk bron vir nadenke oor temas soos roeping, missionale leierskap, armoede en welwese, pastorale uitdagings en sosiale innovasie.

## Woestynwysheid




**R320**

In *Woestynwysheid* neem Ronell Bezuidenhout lesers op 'n reis deur die woestyn, waar die woestynvaders en -moeders, sowel as ander mistici, as gespreksgenote dien. Sy deel insigte wat sy by askete soos Antonius die Grote, Benediktus, Julian van Norwich, Sinkletika en Thomas Merton opgedoen het. Deur hierdie geselskap ondersoek sy die waarde van eenvoud, stilte, afsondering, stroping, en die vind van rus te midde van 'n haastige en besige wêreld. Ronell put uit haar eie ervaring as leraar, pastorale terapeut en retraiteleier, en nooi lesers uit om op 'n diepgaande en uitdagende manier terug te keer na die kern van hul geloof.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

VAKATURES

AFLOS

kerkbode

Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

VAKATURES

AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP | Ds HJ Conradie** van NG Gemeente Merriespruit (ingelyf by NG Gemeente Virginia-Wes) is beroep na NG Gemeente Riebeeckstad (Moeder). Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering gehou op Maandag 10 Februarie 2025 het die kerkraad in diepe afhanklikheid van die Heilige Gees tot die oortuiging gekom dat die Here vir **ds Waldemar Stumpfe** van die NG Gemeente Ficksburg na die NG Gemeente Biggarsbergvallei beroep het.

**Prop Izanne Ellis** van Edenville is op 19 Februarie 2025 beroep na die NG Gemeentes Vaalwater/Waterberg in kombinasie vir 'n drie jaar vastetermynkontrak.

**BEVESTIG | Prop Izak Human Scholtz** se bevestiging met handoplegging deur ds Anton Meiring het op Sondag 2 Februarie 2025 in Woodland Hills NG Gemeenskapskerk, Bloemfontein plaasgevind.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Om in ander mense se skoene te loop

ALGEMEEN
NG Gemeente Parys-Oos
*Ds Francois van Tonder*



**Foto:** *Ds Francois en sy vrou, Errin van Tonder (verskaf)*

Met die oog op Aswoensdag wat om die draai is, breek 'n tyd van refleksie, bekering en 'n oproep tot nederigheid, aan. Dit is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing in die lewe van gelowiges en gemeentes, 'n tyd waarin gelowiges hulle lewens ondersoek en na God draai met 'n gees van bekering. In baie opsigte is hierdie seisoen 'n oproep om in ander mense se skoene te loop, om oor die lyding van ander na te dink, en om onsself in die teenwoordigheid van 'n genadige God te verootmoedig. Dit gaan oor empatie, opoffering en om die gewig van ander se laste te verstaan - 'n waarheid wat vir my baie duidelik geword het tydens 'n staptoer deur die Visrivier Canyon in Namibië.

## *'n Les uit die Visrivier Canyon*

Die Visrivier Canyon is seker een van die staproetes wat op meeste stappers se 'Te doen lysie' is, met 'n asemrowende natuurskoon en pragtige rotsagtige terrein. Ons groep het op 'n sewe-dae lange staptoer deur hierdie uitdagende landskap vertrek, heeltemal bewus van die uitdagings wat hierdie staproete inhou. Die staptoer is bekend vir sy uitputtende eise: die bedompige hitte, steil klim, en die afgeleë, geïsoleerde paadjies. Die roete bied egter ook verskeie kortpaaie, paaie wat jou tyd en energie bespaar, maar wat maklik gemis kan word as jy nie genoegsame aandag gee nie.

Op ons derde dag, toe ons al lekker moeg en styf was, het ons pad met drie stappers gekruis wat in die teenoorgestelde rigting oppad was. Dit was 'n ouer paartjie en 'n vriendin, en hul situasie was onmiddellik kommerwekkend. Hulle het van hul groep geskei geraak en was besig om hul oornagbestemming te probeer bereik. Maar êrens langs die pad het hulle 'n groot fout gemaak: in hulle moegheid en verwarring het hulle per ongeluk die verkeerde kortpad geneem, wat hulle nie na hulle groep geneem het nie, maar eerder terug na die beginpunt toe.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

# ’n Uitsonderlike *geskenk van liefde*


VANAF 14 TOT 28 FEBRUARIE 2025

WAS R164
**NOU R98***



ISBN 9780798223355

**AFRIKAANS** 1983-vertaling



ISBN 9780798223614

**SESOTHO** 1989 translation



ISBN 9780798223003

**SEPEDI** 2000-vertaling




ISBN 9780798222969

**SETSWANA** 1970-vertaling



ISBN 9780798223508

**ISIXHOSA** 1996-vertaling



ISBN 9780798224406

**ENGLISH** Good News translation



ISBN 9780798225762

**ISIZULU** 2020-vertaling

bybelgenootskap
van suid-afrika

* Aanbod geldig vanaf
14 - 28 Februarie 2025.
Terwyl voorraad hou.
Geen verdere kortings.
Posgeld en aflewering uitgesluit.

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING